

## Die Santa Gertrudis in Namibië

Die Santa Gertrudis is oorspronklik op Kings Ranch in Texas in die Verenigde State van Amerika ontwikkel uit drie-agstes Brahman (vir gehardheid en aanpasbaarheid) en vyf-agstes Korthoring (vir vleiskwaliteit). Noukeurige beplanning en seleksie het gelei tot die geboorte van die bul Monkey in 1919, die basis vaar van die Santa Gertrudis ras. Die eerste diere was in 1960 na Suid-Afrika ingevoer. Die Santa Gertrudis Genootskap was gestig in 1974.

Die eerste Santa Gertrudis beeste het Namibië binnegekom gedurende die 1970's. Die Santa Gertrudis Klub van Namibië was gestig gedurende 1972. Die Namibiese Santa Gertrudis Telersvereniging was gestig op 26 Maart 2005. Op 29 Julie 2011, na 'n periode van vyf jaar waarin daar die Santa Gertrudis Klub van Namibië, wat geaffilieer was by die Suid-Afrikaanse Genootskap, en die Namibiese Santa Gertrudis Telersvereniging bestaan het, het die twee genootskappe saamgesmelt. Vandag bestaan die Namibiese Santa Gertrudis Telersvereniging uit 27 telers met 3 228 diere. Sedert die 2013 BTW Groepanaliese, ontvang die telers ook 'n verslag aangaande die "volledigheid van prestasie" wat aantoon watter inligting deur elke teler verskaf word.

Santa Gertrudis stoet en kommersiële kuddes kom wyd verspreid oor Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe en Zambië voor, onder toestande wat wissel vanaf die sanderige Kalahari tot die berge van KwaZulu-Natal en die hooglande van Zimbabwe.

Die Santa Gertrudis is 'n mediumraam, mediumgeslagsryp tipe, donkerrooi van kleur beesras. Onder ekstensiewe toestande weeg bulle tussen 700 en 900kg en koeie tussen 400 en 600kg. Klem word veral gelê op liggaamslengte met goeie bespieroing, veral oor die toplyn. Sterk bene en kloue is belangrik en dit is noodsaaklik dat diere gemaklik beweeg. Die skede moet goed aangeheg wees sonder enige oormatige naelvel en dit moet teen 'n 45° geposisioneer wees. Die koeie moet goed gebalanseerde uiers met 'n sterk aanhegting en spene van middelmatige grootte hê. Koeie is bekend vir hulle goeie moederseienskappe. Die skrotumomvang van teelbulle moet 36-42cm wees. Die ras is bekend daarvoor dat min probleme ondervind word met opblaas. Die poenageen word in die ras aangetref.

Die Santa Gertrudis het bekend geword vir sy besondere groeivermoë en uitstekende voeromsetvermoë – tans een van die beste beesrasse in Suider-Afrika. Die ras is bekend vir klein, lewenskragtige kalwers met goeie groeikragtigheid. Hierdie feit word onderskryf deur die resultate van die Rasvergelykingsproef te Omatjenne Proefplaas by Otjiwarongo wat geduur het vanaf 1951 tot 1992 – een van die grootste en langste projekte van sy soort, sowel as die Evaluering van Teelstrategieëprojek vanaf 1992 tot 2002, waar die Santa Gertrudis as 'n vaarlyng gebruik was in terminale kruisteling met beide Afrikaner en Sangakoeie.

Die Santa Gertrudis het 'n gemiddelde kalfpersentasie van 82% gehandhaaf oor die duur van die Rasvergelykingsproef, wat dit plaas in die groep van rasse wat gemiddeld gepresesteer het. 'n Kalfpersentasie van 82%, onder ekstensiewe toestande is egter nie te versmaai nie. Die Santa Gertrudis het die laagste kalfgeboorteverhouding (geboortemassa:koeimassa), 6.4%, van al die rasse gehad. Dit is een van die faktore wat bydra tot die klein hoeveelheid kalwingsprobleme wat ondervind word. 'n Klein persentasie fetale distokia (3.1%) het onder die Santa Gertrudis koeie voorgekom, wat dit in die groep van rasse geplaas het wat as gemiddeld vir hierdie eienskap geklassifiseer was.

Die Santa Gertrudis is bekend as 'n ras met goeie speenmassa, 'n rede hoekom suiwer en Santakruiskalwers gewild is by voerkraalagents. Die resultate van die Rasvergelykingsproef en Teelstrategieë proewe onderskryf hierdie gevoel. In die Rasvergelykingsproef het die Santa Gertrudis die swaarste speenkalwers geproduseer. Die bulkalwers het gemiddeld 242kg en die verskalwers gemiddeld 217kg geweeg. In die Teelstrategieë projek het die Santa Gertrudis die swaarste speenkalwers in beide die Sanga- en Afrikaner-terminaal koeigroepe geproduseer, onderskeidelik gemiddeld 210kg en 239kg. Die swaar speenmassas en groter

koeidoeltreffendheid kan ondermeer toegeskryf word aan goei melkproduksievermoë en die hoer bottervet inhoud van die melk van Santa Gertrudis koeie.

Koeidoeltreffendheid was gemeet in terme van kg speenmassa geproduseer per 100kg koeimassa gepaar, 'n biologiese maatstaf wat koeigrootte uitskakel. Die Santa Gertrudis het al die rasse uitgestof en die hoogste doeltreffendheid geregistreer van 35kg speenmassa/100kg koeimassa gepaar.

Die slagresultate het getoon dat Santa Gertrudis osse vanaf die veld bemerk kan word op 'n ouderdom van 27-maande, slegs met die voorsiening van 'n mineral lek. Die osse het 'n gemiddelde lewendemassa van 517kg, koue karkasmassa van 273kg en 'n uitslagpersentasie van 52,8% gehad. Dit was die swaarste lewendemassa en karkasmassa van die rasse vir die proef. Die uitslagpersentasie was in die groep van beste rasse.

In die pas afgelope "RAS Beef Challenge" in Australië het suiwer Santa en Santakruisings uitestekend gevaar in dié tussen-ras kompetisie. In die binnelandse kompetisie met 'n 70-dae voerperiode, in die gemiddelde daaglikse toename (GDT) kategorie het Santa en Santakruisingsosse 8 van die eerste 10 posisies ingeneem. In die kategorie vir enkel diere het Santa en Santakruisingsosse 9 van die eerste 10 posisies ingeneem. In die uitvoerkompetisie met 'n 100-dae voerperiode in die GDT kategorie het Santa en Santakruisingsosse 5 uit die eerste 10 posisies ingeneem en in die enkel dier kategorie het Santa en Santakruisingsosse die eerste en negende posisies ingeneem. Die dier met die hoogste GDT in die binnelandse kompetisie was 'n suiwer Santa-os met 'n GDT van 2,56kg/dag en in die uitvoerkompetisie was die wenner ook 'n suiwer Santa-os met 'n GDT van 2,79kg/dag.

(Jacque Els: Bestuurder: NSV)